NOOITGEDACHTER STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

ALGEMENE VOORKOMS
Die Nooitgedachter het ‘n goeie balans tussen voorkwart, middelstuk en agterkwart, waarvan elk ‘n derde deel vorm. ‘n Vierkantige stand van bene is kenmerkend, met ‘n sterk beenstruktuur. Hoë kwaliteit word deur ‘n adelike voorkoms en houding, droë kop (fyn), soepel vel en blink haarkleed uitgebeeld. Die perd het ‘n wakker, intelligente houding met ‘n inherente nuuskierigheid wat ‘n aanvoeling vir en aangetrokkenheid tot die mens weerspieël. Hingste moet ooglopend manlikheid weerspieël, en merries ooglopende vroulikheid. Nooitgedachters is oorwegend laat-ontwikkelaars hoewel hulle dikwels vroeg puberteit bereik. Die hoogte van perde wissel van 138 cm. tot 163 cm.of 13.2 tot 16 hande. Die variasie kom voor omdat daar ‘n defnitiewe geneigdheid tot ponies sowel as perde in die ras is, asook weens seleksiemetodes onder wisselende ekologieë.

FUNKSIONELE DOETREFFENDHEID
Die Nooitgedachter is ‘n funskioneel-doeltreffende atleet wat vir baie jare uitnemende diens moet kan lewer. Daarom is hoewe van goeie kwaliteit noodsaaklik. Hoefbeslag is dus selde nodig. Die gewrigte is prominent maar droog, en in goeie verhouding met die perd. Die perde is in staat om ‘n volwasse ruiter daagliks oor lang afstande oor gebroke terrein te dra. Gemaklike gange soos stap, strykstap, draf, trippel en galop is kenmerkend. Dit maak die Nooitgedachter ‘n uitstekende werksperd en deelname aan ‘n groot verskeidenheid van perdesport-items is moontlik. Die VEL moet donker gepigmenteerd wees. Gebrek aan pigment is rede vir diskwalifikasie. Perde is enige kleur behalwe bont.

TIPE
Die Nooitgedachter wissel in tipe van lenig tot bonkig. Die Nooitgedachter se buitelyne is meer geneig om in ‘n vierkant as ‘n reghoek in te pas. Die kop moet adellik wees, met ‘n droë keelaansluiting en ‘n medium-lengte nek wat relatief hoog in die skouer ingeplant is. Kamnekke kom algemeen voor en tesame met die droë keelaansluiting verhoog dit die trotse en adellike voorkoms.

Die lyf is relatief gespierd met simmetriese rondings en baie diepte. Die verhouding tussen voorarm en pypbeen, asook dybeen en pypbeen is ongeveer twee tot een.

Eienskappe wat die Nooitgedachter kenmerk, is sy mensliewendheid, sy sterk konstitusie en uitstekende spysverteringstelsel, sy uitstekende bene en hoewe en sy rygemak en grasie.

TEMPERAMENT
Die Nooitgedachter word deur ‘n aangebore aangetrokkenheid tot die mens gekenmerk. Kenmerkende eienskapppe van goeie temperament is leerbaarheid en aanpasbaarheid.

BEWEGING
Begewing is ritmies, gebalanseerd en veerkragtig met ‘n tree wat grond dek. Die Nooitgedachter in beweging is ‘n aanskoulike prentjie, met die vlug van die voor- en agterhoewe in lyn met mekaar, terwyl die perd uit sy lende dryf. Alhoewel rygemak, met gemaklike gange soos stap, slenterstap, draf, kortgang, trippel en gallop kenmerkend is, is die pasgang ongewens omdat die pasgang met konformasiegebreke geassosieer word en dus die suiwerheid van gange beïnvloed

KOP
‘n Droë kop met ‘n sterk, goed gedefinieerde kakebeen en oop lugtoevoer na die keel is ken merkend. In hingste is ‘n vorstelike, belangstellende houding opsigtelik. Van voor gesien is die kop, in verhouding met die lyf, kort van kroon tot bek, met ‘n breë plat voorkop en matig kort, skerpgepunte ore wat korrek geplaas en beweeglik is.

Die profiel moet reguit of effe konkaaf, die wangbeen prominent en goed gewelf en die kakebeenlyn reguit wees by perde wat klaar gewissel het. Die neusgate moet groot wees met elastiese neusvleuels. Die oogbanke moet nie te swaar wees nie maar tog prominent. Die bo- en ondertande moet goed opmekaar pas. ‘n Droë kop en ‘n soepel, fyn vel en duidelike beenknoppe en waarneembare bloedvate word verkies.

OË
Die oë moet groot, oop en wyd geplaas wees. Die oogbanke moet nie te swaar nie, maar tog prominent wees. ‘n Intelligente, innemende blik in die oë word nagestreef. Wilde, wit, rollende oë is nie kenmerkend van die ras nie. By merries weerspieel die oog sagtheid en vroulikheid.

NEK EN AANHEGTING
Die nek moet matig lank, soepel en goed gespierd wees en moet droog aansluit by die kop. Die lugpyp is duidelik belynmet genoeg spasie tussen die kakebene. Die aansluiting met die skouers moet hoog en goed gedefinieer wees. ‘n Geboë manekam by hingste, fyner by merries, is gewens. Die nek se bo-lengte moet langer as die onder-lengte wees. Maanhare moet welig wees.

KAMBENE EN SKOUERAANHEGTING
‘n Los, diep en skuins skouer met ‘n lang bladbeen is uiters wenslik want, tesame met die korrekte voorarm/pypbeenverhouding, stel dit die perd in staat om ‘n lang tree te gee. ’n Lyn vanaf die skouerknop tot die hoogste punt van die kambeen behoort ‘n hoek van ongeveer 50 grade met die horison te vorm. Die skouer moet sterk bespierd wees, maar nie vlesig by die aansluiting van die kambeen nie. Die kambeen moet hoër as die kruis wees en so geplaas dat die saal natuurlikerwys daaragter kan pas. Die skouer en die kote moet ongeveer dieselfde helling vertoon.

BORS
Van die kant gesien moet die borsvloer laer strek as die elmboogpunt. Van voor gesien moet die borsspiere goed ontwikkel wees met ‘n matige breë borsvloer en ‘n prominente borsbeen (boeg). Die bo-arms moet parallel met die ribbekas geplaas wees. Van die kant gesien moet die bo-arms relatief kort en regop vertoon, om sodoende die voorbeenplasing ver na vore aan die romp te bewerkstellig.

VOORBENE
Die verhouding tussen die voorarm en pypbeen moet ongeveer twee tot een wees. Die perd moet van voor gesien, vierkant op sy voorbene staan m.a.w. die voorbene moet loodreg en ewewydig staan. ‘n Loodlyn, van voor gesien, vanaf die skouerknop behoort deur die middel van die knie, die pypbeen, die kootgewrig en die hoef te loop.Van die kant gesien moet die been vertikaal staan. Die voorarm moet lank en gespierd wees, die knieë, van voor gesien, diep, breed en plat, met ‘n pypbeen wat in die middel van die knie aanheg. Die pypbeen is kort, plat en droog met die pese ewewydig en duidelik sigbaar. Die kootgewrigte moet relatief groot en droog wees. Die kote moet matig lank en veerkragtig wees en min of meer dieselfde helling as die skouer vertoon.

MIDDELSTUK
Die toplyn van die middelstuk word gevorm deur die rug en die lende. Dit moet min of meer horisontaal na agter loop en glad by die kruis aansluit. Die toplyn moet kort wees in vergelyking met die onderlyn. Die ideaal is dat die perd ‘n kort gespierde rug met sterk lende moet vertoon, maar oor baie grond staan.

Ten einde ‘n diep borskas en ruimte vir die hart en longe te voorsien, moet die ribbekas ovaalvormig wees. Die kortrib moet goed gewelf en lank wees om diep en vol flanke vir ‘n goeie konstitusie te bewerkstellig. Die spasie tussen die laaste rib en heup moet relatief kort gekoppel wees.

AGTERKWART
Die agterkwart moet relatief lank en gespierd wees vanaf die heupknop tot by die sitbeen gemeet. Van agter gesien moet die agterkwart breed tussen die draaibene wees, met die heupe en kruis goed bespierd en vol. Van die kant gesien behoort die kruis ‘n matige helling na agter te hê, maar die stert moet matig hoog aansluit. ‘n Te plat kruis, van agter gesien, of ‘n te sterk hangkruis, van die kant gesien, is ongewens. Van agter gesien behoort die agterkwart, binneboud en dye vol en gespierd te vertoon en tot lag bokant die hak strek. Die dy moet lank, breed en sterk gespierd wees. Die verhouding tussen die dybeen en pypbeen moet so na as moontlik aan twee tot een wees.

AGTERBENE
Die agterbene moet,van agter gesien, ewewydig en regaf staan met die punt van die spronggewrig, die agterkant van pypbeen, die kootgewrig en die agterkant van die hoef (hiele) loodreg onder die sitbeen. Van die kant gesien, moet die stand van die agterbeen, so wees dat ‘n loodlyn vanaf die sitbene net agter die spronggewrig (hak), die pypbeen en die kootgewrig verbyhang. Die kote moet matig lank en veerkragtig wees maar kan meer regop staan as die voorste kote. Spronggewrigte moet breed en droog wees.

HOEWE
Van die kant gesien moet die hoef min of meer dieselfde helling as die koot hê. ‘n Goedgevormde hoef met betreklik hoë hiele, waarvan die hoefwande breed en dig is, is die ideaal. Die hoefkroon moet ‘n duidelike ronding toon. Daar moet gewaak word teen saamgetrekte hiele, maar ook teen te oop hiele met ‘n plat sool. Van onder gesien moet die sool konkaaf wees met ‘n prominente, elastiese hoefstraal. Die muis/straal moet die hoef ongeveer in twee verdeel, van hiel tot toon gesien.

TEELORGANE
Teelorgane moet goed ontwikkeld en volledig wees. Merries se spene moet goed gevorm en matig groot wees

ONGEWENSDE EIENSKAPPE/ DISKRIMENASIES
- Bouvormfoute wat van die ideaal afwyk soos: ‘n growwe, vlesige kop; klein oë; kort, dik, ronde nek; kort, regop skouer; te vlesige kambeen en skouerknoppe; holrug; swak rugbespiering; te lang rug; kurperlende; te dakkige of te plat kruise; kalf knieë; oordrewe bokknieë; swak hoefwande; plat, oop hoewe; hoewe oormatig na binne of buite gedraai; koeihakke; sekelhakke; bakbene; regop, kort kote; ingebinde pese.
- Eienskappe wat funskionele doetreffendheid belemmer
- Kleurafwykings soos ‘n te groot bles of besonder hoë wit bene.
- Perde wat nie ritmies, gebalanseerd, veerkragtig en met ‘n lang tree beweeg nie.
- Ruie, lang koothare
- A-tipiese kop (veral ‘n vlesige, growwe kop)
- ‘n Te growwe kop/nekaasluiting

- Lang ore

DISKWALIFIKASIES

Met die beoordeling/keuring van Nooitgedachtperde moet daar veral op die volgende ongewesde eienskappe en redes vir diskwalifikasie gelet word.

- Ongewenste temperament: Perde wat duidelik menssku, aggressief of onvoorspelbaar is.
- Oorerflike gebreke en konformasie-afwykings soos ‘n kort onderbek, holrug, sterk kurperlende, spronggewrigte (hakke) wat na buite draai, haashak (curb), swak voor- en agterbene, gewrigte en hoewe.
- Kambeenhoogte van minder as 134,11 cm of meer as 162,56 cm.
- Bont, (piebald, skewbald) en albino (geen pigment).
- Blou oë
- ‘n Oog met te veel wit
- Klophings; onderontwikkelde geslagsorgane.
- Pasgang word met konformasiegebreke geassosieer en beïnvloed die suiwerheid van gange.